

18 Januarie

Skrifgedeelte: Rigters 5

Fokusgedeelte: Rigters 5:15b-16

Nie praters nie, maar doeners!

Na Israel se oorwinning oor die Kanaäniete sing Debora en Barak 'n pragtige oorwinningslied. Debora sing van die dapperheid van die manskappe uit die stamme wat opgetrek het om te veg – Efraim, Benjamin, Sebulon, Issaskar en Naftali. Wanneer sy by die stam Ruben kom, word haar lofsang 'n treursang. Hulle het nie gaan veg nie. Debora vra verwyttend: “Waarom het jy by die saalsakke bly sit, bly luister na die fluitspel by die veetroppe?”

Sy gee self die antwoord: “By Ruben se suipplekke is daar baie beraadslaag.” Die manne van die stam van Ruben was praters en nie doeners nie. Hulle het nog geredekawel, toe was die oorlog al verby! Is dit nie tipies nie, ook van ons? Ons praat graag, maar daar gebeur maar min, ook in die kerklike lewe. Ons praat onder mekaar, op vergaderings en neem ook mooi besluite, maar die besluite word bittermin in die praktyk uitgevoer.

Ons is ook in 'n stryd gewikkel. Dit is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bese magte van hierdie sondige wêreld, teen die bese geeste in die lug (Ef 6:12). Die stryd is op alle fronte en die aanslag word al hoe feller. Ons durf nie passief by die veekele bly sit nie. Ons mag nie betower word deur die soet klanke van die wêreldse fluitspel nie. Ons moet doeners word. Debora gee die eer vir die oorwinning aan die Here. Hy is die Aanvoerder en Oorwinnaar. Op Golgota is die uitslag van die stryd bo alle twyfel vasgestel. Christus het nie teruggedeins vir die werk wat sy Vader aan Hom gegee het nie (Joh 4:34). In Hom is ons meer as oorwinnaars. Kom ons neem ons plek in in die leer van ons Oorwinnaarkoning. Moenie net saampraat nie, doen saam!

Sing: Psalm 18:15 Ds AL Pelsers (Meyerspark)